All that you know is that you got a document speaking about the Cheesa-Cheesa Army? --- Ja.

But do you also know that on a number of occasions in this document, an attack is made upon the U.S.S.R. and an attack is made upon Communism? --- Ek kan dit nie meer onthou nie.

Let me read you some of it. "Every location that becomes valuable, the Africans must get out and they go to the

veldt always. But that is true Communism. We are not Communists. It is the Afrikaner who imitates Russia". Do you remember that? --- Nee.

"They will all scream rich farmers, capitalists and all the rubbish from Russia which the African laughs at". Do you remember that? --- Nee.

"No country except Russia has such a Criminal Police Force as South Africa". Do you remember that? --- Nee.

But you will acknowledge that if this document did contain these sentences that it was quite apparently an attack on the U.S.S.R. and an attack upon Communism? That speaks for itself, doesn't it? --- Soos u daar gelees het, miskien ja.

Why perhaps? --- As ek dit volledig kan lees dan sou ek ja of nee kon sê.

Let me read you the whole sentence and the whole context and tell me whether you consider this an attack upon the U.S.S.R. or not. I'll read the whole paragraph to you. "Swart, the police, unfair magistrates, the Security Branch, just like Russia have won the Defiance Campaign. We lost that fight. We will loose on the Western Areas battle also. Every location that becomes valuable, the African must get out and they go to the veldt always. But that is true Communism. We are not Communists. It is the Afrikaner who imitates Russia. If a depression comes, we will smile, but the working class Dutchmen will not smile. They will scream rich farmers, capitalists, and all the rubbish from Russia which the African laughs at". Now is that or is that not in your opinion a denigration of the U.S.S.R.? --- Ja.

In the propaganda - I don't know whether I am using the right word, perhaps literature might be better, that gets issued by the State Information Office, is there to be found every now and again an attack upon Communism? --- Ja.

That is quite a common theme, isn't it? --- Ek sou nie

sê dit is n gewone tema nie. Waar dit voorkom word dit versprei waar daar aanvalle teen Rusland of teen Kommunisme voorkom, gee ons die inligting.

Over and over again in the material which is issued by the Information Office, one finds attacks upon Communism? Is that correct? --- Ja.

Can you give us any information as to whether at any stage since the Information Office has been in existence, there have been any attacks upon any other ideologies other than Communism? --- Ja, nie aanvalle nie....

I said attacks and I meant attacks? --- Daar is nie aanvalle nie, waar daar inligting te versprei is en dit raak ander ideologie, dan versprei ons dit.

But I asked you whether there were any attacks to your knowledge upon any other ideology? You have conceded that over and over again there have been attacks on Communism. I am asking you a simple question. Can you say whether there have been attacks, attacks upon any other ideology? --- Sover ek weet was daar nie ander aanvalle nie. As daar sulke aanvalle kom en dit is inligting wat ons moet versprei, dan sal ons dit versprei.

But you have no recollection of there being any attacks upon any other ideology other than Communism? --- Sover ek weet nie.

Do you know whether there has been any attacks upon fascism or nazism? --- As daar aanvalle oor fasisme kom, dan sal ons dit versprei.

I am not interested in what you distribute in regard to other people's attacks. I am interested in what you distribute in regard to your own attacks. Can you or can you not say that the Information Office has ever attacked nazism or fascism? Has it or has it not, to your knowledge? --- Sover ek weet, nee. Ons het nie sulke gevalle gehad nie.

I think you will concede that this letter was probably, I put it no higher, was probably handed to you by Dr. Gerdiner for any possible use that the Information Office might put it to? --- Ek veronderstel so.

But it wasn't used by you, as you told us? --- Nee.

Is it because this letter contains a number of attacks upon Communism and upon the U.S.S.R.? --- Nee.

Is it because it sounded to you like the ravings of a lunatic? --- Nee.

What was the reason that it wasn't used for the purpose for which it was given to you? --- As n ge-isoleerde geval het& dit nie van genoeg belang geag nie.

What did you do with this letter between the time of your having received it and the time of your handing it to Captain Joubert? --- Dit was seker op my lessenaar op my kantoor.

You left it there? --- Ek meen so.

Any other people have access to your office other than yourself? --- Ja.

Do you go out for tea and do you go out for lunch? --- Ja.

Now you have already told us that you can give us no details of the contents of this letter that you received? --- Ja.

You didn't even remember that there were a number of attacks upon Communism? ---- Ja.

You have told us that you made no marks upon this letter whereby you could identify it? --- Ja.

This letter - when did you last see this letter, by the way? --- Dit was nou aan my getoon.

For the first time after three and a half years? --- Ja.

Can you say that this is the identical letter which

you received? Is this letter that I have in my hands the one?

--- Sover ek kan onthou, ja.

What makes you say that? --- Dit is van Dr. Gerdiner, die koevert en die res stem ooreen met n soortgelyke dokument wat Dr. Gerdiner...

But you don't know what was in the letter? --- Dit het so gelyk. Die algemene voorkoms van die brief.

The general appearance. In other words, you identify this letter because of its general appearance and because it was addressed to Dr. Gerdiner? --- Ja.

Any other reasons for identifying this letter? --- Nee.

So all you can say is that this letter is similar in appearance? --- Ja.

Nothing more? --- Ja.

It may be that the letter that is shown to you in Court may be a completely different document from the one that you handed to Captail Joubert? --- Ek sou nie kan sê nie.

I am asking you whether it is possible? --- Ek sou nie kan sê nie. Ek weet nie of dit moontlik is nie.

Don't be difficult. I am asking you a simple question. Is it possible that this letter which was looked at by you in Court is not the same document which you received from Dr. Gerdiner? That is all I am asking you? --- Ek sou nie kan sê nie.

Did you ask for a receipt for this letter that you handed to Captain Joubert? --- Nee.

Did you give Dr. Gerdiner a receipt for the letter which he gave to you? --- Nee.

NO FURTHER QUESTIONS.

(J.J. Mollentzie, Int. Eng./Afr.)

GIDEON JACOBUS JOUBERT, verklaar onder eed;

VERHOOR DEUR DIE P.A. :

Jy is n Majoor, Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer

te Pretoria? --- Korrek.

Gedurende 1954 was u verbonde aan die staf van die Kommissaris van Polisie, in watter hoedanigheid? --- Ek was sy persoonlike Stafoffisier.

En gedurende die begin van 1954 was u te Kaapstad gewees terwyl die Parlement-sitting aan die gang was? --- Korrek.

U verwys nou na bewysstukke G. 1002 en G. 1003. Van wie het u dit ontvang - het u dit ontvang? --- Ek het dit ontvang.

Van wie? --- Van die laaste getuie, mnr. Badenhorst.

Wanneer? --- Op die 12e Februarie 1954.

Het u enige datum aangebring op die dokumente? --- Ek het die amptelike Polisie datumstempel van die Kommissaris se kantoor daarop aangebring, Op die koevert.

Dit is bewysstuke G. 1002. Na u die bewysstukke ontvang het, wat het u daarmee gemaak? --- Ek het dit onder die voorgeskrewe geheime dekking na Polisie-hoofkwartier, Pretoria, ge-pos.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

CROSS-EXAMINED BY MR. BERRANGE :

This was in 1954? --- Korrek.

Some three-and-a-half years ago. When did you next see this letter? --- Ek het dit nou weer gesien.

Did you read the letter when you first received it? --- Nee, ek het dit die eerste keer gelees en die laaste keer toe ek dit ontvang het. Ek het dit net eenkeer gelees, en dit is toe ek dit ontvang het.

Can you remember today what it contained? --- Ek is bevrees nie.

Can you say whether it attacked anybody? --- Ek kan ook nie sê nie.

Can you say whether it attacked the Communists and the

U.S.S.R.M --- Dit is bykans drie-en-n-half jaar gelede. Ek weet gladnie wat in daardie brief staan nie.

How long did you keep this letter in your possession? After you had received it from Mr. Badenhorst and before you forwarded it to Headquarters? --- Ek kan nie onthou nie. Dit mag n dag of uiters twee dae gewees het.

Did you put any marks on this letter to identify it? --- Op die koevert die datumstempel; verder geen ander merke nie.

Nothing on the letter itself? --- Nee.

When Pretoria receive letters such as this from you, do they send acknowledgements - Headquarters, I mean? --- Dit is die reël dat briewe van hierdie aard ontvangs te erken word.

Did you receive an acknowledgment? --- Ek kan nie meer onthou nie.

Are you able at the present moment to produce any acknowledgment? --- Ek kan nie.

When you forwarded this letter to Pretoria, did you send a covering letter with it? --- Ek kan nie meer onthou nie.

Wouldn't that be the usual thing to do? --- Nie noodwendig nie.

You are not suggesting that you would just take this letter and envelope, pop it into another envelope, post it to Headquarters without saying who it is from or what it was about or anything else? --- Dit is moontlik dat dit kon gedoen gewees het.

They may have thought that they got it from the Cheesa-Cheesa Army themselves then? --- Nie as hulle dit ontvang het op ons voorgeskrewe geheime dekking stelsel nie.

Would that prescribed secret cover indicate who the sender of the letter was? --- Ja, vermoedelik die Kommissaris

van die Polisie, se kantoor.

Would this cover indicate in fact that the letter which is contained in this cover had come from the Office of the Commissioner? --- Ja.

To whom was this letter addressed when you forwarded it? --- Aan die Kommissaris van die Polisie se kantoor te Pretoria.

Who would open it in Pretoria ordinarily? Some clerk or another? --- Nie n algemene klerk nie. Dit sal n verantwoordelike offisier wees.

You of course cannot say that this Exhibit that I am showing to you now, G. 1003, is the letter that you sent to Headquarters? --- Dit is hy.

How do you identify it? --- Aan sy algemene voorkoms.

You don't know the contents of it? --- Nee.

You couldn't tell us a single thing that is in the letter? --- Nee.

But you say it is the identical letter because of its general appearance? Not similar, identical? --- Ek is tevrede, dit is die brief.

I am not asking you whether you are satisfied. I am asking you, in giving evidence under oath, will you say that is the identical letter or will you say that it is similar to the letter that you sent? --- Ek is tevrede dit is die brief die.

I am not asking you whether you are satisfied. It is for His Worship to get satisfied. His Worship will indicate his satisfaction in due course. Do you say under oath...

BEUR DIE HOF :

Ek dink dit sal tyd spaar as u aandag sal skenk aan die inhoud van die vraag. Die vraag is of dit identies of net soortgelyk is. Wat sou u sê? --- Ek sal dit kwalifiseer en sê dit is absoluut soortgelyk.

BY MR. BERRANGE :

Absolutely similar? --- Wat voortspruit uit die vraag moet ek kwalifiseer die omstandighede van die brief.

DEUR DIE HOF :

Nee, u moet u bepaal by die vrae asseblief. As daar enige verduideliking is, kan u vra om die verduideliking te maak, maar vrae moet beantwoord.

BY MR. BERRANGE :

So, what is your answer? Is it similar or is it identical? --- Dit is n soortgelyke brief.

So you can't say that this is the letter? Of your own knowledge? --- Die brief is dieselfde brief wat ek ontvang het.

It has got your identification mark on it, hasn't it? --- Nee.

It has got your handwriting on it? --- Nee.

You recognise the type? --- Tot n baie groot mate, ja.

After three-and-a-half years you can remember type that you saw three-and-a-half years ago? --- Ek identifiseer nie die tikskrif as sulks nie. Die posisie van die tikskrif op die brief.

You are not answering my question either. Do you say that you identify the type or don't you? --- Die vorm van die hele brief.

So that is similar? --- Korrek.

How many paragraphs were there on the third page of the letter? --- Ek het hulle nooit getel nie.

How is the letter signed? --- Hy is ook nie geteken nie.

How many pages does this letter occupy? --- Drie of vier.

You are not sure? --- Gladnie.

But you remember the letter? --- Korrek.

DEUR DIE HOF :

Verstaan ek dat u net op die gegewens wat u voor ons gelê het sê dat dit dieselfde brief is? Of is daar ander gegewens wat u tot die oortuiging bring? --- Net die gegewens wat hierdie gelê is, en dan sal en verduidelik waarom as u my sal toelaat.

U moet nie verduidelikings gee nie, net feite. Ons moet net op feite hier beslissings gee. Is daar enige ander feite wat u voor die Hof kan lê? --- Ja.

Wat is die? --- In die bestek van daardie tydperk het daar talle Cheesa-Cheesa briewe by daardie kantoor uitgekóm. Hierdie besondere brief was die enigste een met drie of vier folios papiere, blaaië, op groot folio getik, baie en in enkel spasie, en geadresseer aan 'n Dr. Gerdiner.

U is nie so heeltemal seker van die getal velle nie, drie of vier? --- Korrek.

U sê dit is gerig aan Dr. Gerdiner? Maar is u in 'n posisie om vandag te sê dat - is dit 'n handskrif, Dr. Gerdiner se naam daar? Of tikskrif? --- Dit was getik op die koevert en op die brief.

BY MR. BERRANGE :

If somebody else had taken the letter which had been written to Dr. Gerdiner after you had sent it to Pretoria, and had used exactly the same paper, and had used a typewriter with the general same script, and had destroyed the original letter and had substituted this new letter, would you be able to recognise it today? --- Heelwaarskynlik nie.

Exactly? --- Ek sê dit al die tyd.

NO FURTHER QUESTIONS.

CROSS-EXAMINATION BY MR. COAKER RESERVED.

NO QUESTIONS BY MR. SLOVO.

CASE REMANDED TO 23RD AUGUST, 1957.

COURT RESUMES 23/8/57:

MR. COAKER ADDRESSES COURT:

Accused Absent -- Position same as on 22/8/57 save that
Accused Nos. 23, 116, 149 now back in Court.
Accused No. 25 -- Certificate handed in.

LEAVE GRANTED FOR PROCEEDINGS TO CONTINUE:

BY MR. BERRANGE: Before the proceedings go any further, Sir, there is one matter I would like to draw the Court's attention to and that is a newspaper report, which appeared in the late edition of 'The Star' last night, dealing with that which I had to say to Your Worship at the commencement of yesterday's proceedings. Your Worship will recollect that I indicated that I was associating myself with Mr. Slovo in the remarks which he had made on the previous day, and that I did not desire to persist in the objection which I had taken to the evidence, and I also indicated to the Court yesterday that the reason for this attitude on our part was that we alleged that not only Dr. Letele have nothing to do with the authorship of this one particular letter, but that we would endeavour to prove, we would set out to prove, that on the overwhelming probabilities a conspiracy had been initiated by some person or persons unknown to us. And thereafter I went on to indicate, as Your Worship will recollect that, however, it must be clearly understood that in making this application that we had no evidence of, and nor do we in any way suggest participation of the Crown representative, meaning, of course, Mr. Van Der Walt, in this conspiracy. Unfortunately, the Star has reported the matter in a manner which makes it appear as if the Defence has made some very irresponsible allegations because in reporting this matter, it has set out the allegation of a conspiracy in more or less the same terms that were used by me yesterday, and it then goes on to quote me in the following way: "The Defence, he said, wished to have the opportunity of substantiating what he had said." Then in sub-headlines, it says "No Proof."

It goes on to say: Mr. Berrange said he has no proof of this conspiracy." Now, Sir, that is something which I never said at any time. It would be a most irresponsible statement for me to make, to allege a conspiracy and at the same time to say I have no proof of it. Indeed, what I did say, as I have already indicated, Sir, is that we will set out to prove that the overwhelming probabilities show the existence of this conspiracy, and what has quite obviously happened is that when I used the words: "I have no proof, I was using those words in relation to proof that the representative for the Crown had any participation in this conspiracy. The full text of this is as follows: "Mr. Berrange said he has no proof of this conspiracy. He did not suggest that the Prosecutor, Mr. C. Van Der Walt, was involved." It really should have read in the following way: "Mr. Berrange says he has no proof of nor does he suggest that the Prosecutor Mr. Van Der Walt is involved in this conspiracy." But in the unfortunate manner of reporting it, it does make it appear as if the Defence is responsible for making very irresponsible statements, alleging conspiracy, and then saying it has no proof. In fact, I never said anything of the sort. I raise this point with Your Worship hoping that Your Worship will indicate your acceptance and your agreement with that which I am saying to you at the present moment. I take it Your Worship's recollection is the same as mine, and it also, of course, indicates that even with experienced reporters taking evidence in shorthand how very easily a speech, or something that is said can contain completely the opposite meaning to that which the speaker has represented.

BY THE COURT: Yes, I have no doubt that the explanation tendered by Mr. Berrange is correct.

BY THE P.P. (MR. VAN DER WALT) Yes, I agree with that.

BY THE COURT: I also accept that this was an unfortunate error on the part of the Press.

BY MR. BERRANGE: I hope that it will be corrected.

HENRY ABRAHAM LUBBE, beëdig verklaar, (Tolk: Mollentzie.)

VERHOOR DEUR P.A.:

Mnr., waar woon u nou ?-- In Pietersburg, Kamer 201, Van Riebeeck gebou, Pietersburg, Transvaal.

U was vroeër n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, is dit reg ?-- Dis reg.

Wat was u rang ?-- Speurder sersant.

En waar was u gestasioneer ?-- Pretoria, S.Afrikaanse Polisie Kriminele Bureau.

Wanneer het u uit die Mag getree ?-- Begin Julie, 1957.

Wat was u pligte gewees, toe u lid van die polisie was ?-- Handskrif deskundige en ondersoek van betwiste dokumente.

Hoelank ondervinding het u daarmee ?-- Ongeveer 7-8 jaar.

In verband met betwiste dokumente, sal u net die Hof vertel wat u ondervinding daarmee is, en wat u daar in verband mee gedoen het ?-- Ons kry verskeie soorte dokumente waar die handskrif van n persoon disputeer word, waar skrifte verander word, waar identiteit deur middel van handskrif bepaal word, en waar tikskrif in gedrang is op dokumente.

Nou het u al vantevore tikwerk ondersoek ?-- Verskeie kere, ja.

Gedurende daardie hele periode wat u gemeld het ?-- Dis reg.

Het u gedurende daardie periode praktiese ondervinding daarmee opgedoen ?-- Ja.

Is daar ook teoretiese stellings wat u daarmee in verband moet nakom of studeer, teoretiese werk, met ander woorde ?-- (Onhoorbaar.)

Het u ook teoretiese werke nagegaan in verband met tik van masjiene ?-- Daar is nie vasgestelde studie nie, maar

ek het n boek deur Albert Osborne van Amerika.

En word hy as n gesaghebbende aangeneem ?-- Dit gaan oor 'Questioned Documents' en hy word beskou oor die wêreld as n deskundige hierop.

Het u al vantevore in ons howe getuienis gegee in verband met betwisbare dokument wat getik is ?-- Ja.

Naastenby hoeveel geleenthede ?-- Dit is heelwat....
ek kannie nou feitlik sê op hoeveel sake ek getuienis gegee het nie, in verband met getikte dokumente wat in gedrang was. Ek kan miskien onthou, die laaste geval was in Durban.

Wanneer ?-- Vroeg hierdie jaar.

Is dit al wat u kan onthou ?-- Ek het ook in Johannesburg getuienis afgelewer.

Op meer as een geleentheid ?-- Meer as een geleentheid.

Gedurende April 1957, was u by die S.A.Kriminele Bureau gestasioneer ?-- Dis reg.

U verwys nou na Bewys. G.1003. Het u daardie bewysstuk gedurende April 1957 ontvang ?-- Dis reg.

Was dit alleen deur u ontvang, of saam met ander dokumente ?-- Ek spreek onder korreksie, maar sover as my geheue my toelaat, dit was teen die einde van Maart of die begin van April van hierdie jaar, het ek bewysstuk G.1003 ontvang -- verskoon my, mag ek asseblief net die bewysstukke wat ingehandig word net die nommers afskryfwe en dokument wat daaraan verbonde is.....

DEUR DIE HOF: You need that for further reference ?-- Ja.

VERHOOR DEUR P.A. VERV.: Gaan aan ?-- Dit was teen die einde van Maart, begin April, het ek Bewys. G.1003 tesame met n aantal ander dokumente.

Die ander aantal dokumente wat u ontvang het, was soortgelyk aan daardie G.1003 ?-- Dis reg.

Watter een ?-- G.1041 is soortgelyk aan G.1003.

Naastenby hoeveel dokumente het u gekry tesame met daardie Bewysstuk G.1003 ?-- Daar was 133 briewe.

U het n rapport in verband met die aangeleentheid opgestel ?-- Dis reg.

En u rapport is gedateer die... ?-- 10de Junie 1957.

En daardie rapport het u nou by u ?-- Ja.

Van wie het u daardie dokumente ontvang ?-- Dit was Speurder Hoofkonstabel Van Heerden en Sers. Papendorp.

En het u dit by u kantoor ontvang ?-- Dis reg.

En wat het u toe gedoen ?-- By hierdie aantal dokumente was ook n aantal kaarte waarop daar tikskrif verskyn het. Dis aan my versoek om die dokumente G.1041 en G.1003 te ondersoek en vas te stel of die tikskrif wat op hierdie dokumente verskyn -- nie alleen die twee dokumente, maar ook die ander wat soos hierdie lyk, die ander 133, -- te vind of hulle ooreenkom met die skrif op hierdie dokumente en die kaarte waarop tikskrif verskyn het. Ek het met hierdie ondersoek voortgegaan, en ek het gevind dat daar op een van die kaarte daar wel tikskrif was wat ooreengestem het met die tikskrif op Bewys. G.1003.

Is al die kaarte beskikbaar vandag ?-- Ek het niks van die kaarte nie.

U sien nou n kaart ?-- Ja.

Kan u sê of dit een van die kaarte is wat aan u oorhandig was ?-- Ek het soortgelyke kaarte ontvang. (G.1042)

Kan u nie sê of dit een van die kaarte is nie ?-- Ek kan dit identifiseer.

Is dit een wat u gekry het ?-- Ja.

Is dit een wat u definitief gekry het ?-- Ja, volgens van die tikmasjien die nommer/wat hier gegee word en die nommer wat op my rapport verskyn. Die nommer is identies.

Gaan aan asseblief ?-- Ek het die aantal kaarte wat dieselfde ook is as G.1042, en het dit gesamentlik vergelyk met al die ander dokumente wat aan my gegee was om te ondersoek. Ek het toe n rapport gedoen aan Hoofkonstabel Van Heerden. Ek het hom meegedeel dat daar wel ooreenstemming.....

Jy het n rapport aan hom gemaak. Wat was u bevinding ?-- Ek het gevind dat daar van die tikskrif op Bewys. G.1042 ooreenstem met tikskrif op Bewys. G.1003.

Het u n verdere versoek aan Van Heerden verrig; wat wou u hê ?-- Ek was nie tevrede om n finale vinding te plaas op die tikskrif wat op die kaart verskyn het, en ek het gevra dat die betrokke tikmasjien waarop hierdie kaart getik is, Bewys. 1042, aan my gebring moet word vir verdere ondersoek.

Wat het toe daarna gebeur ?-- n Tyd daarna, dit was later in die maand, Aprilmaand, het mnr. Van Heerden tikmasjien nr. die nommer wat op hierdie kaart verskyn, nr. B.1650256

Is dit dieselfde nommer wat op G.1042 verskyn ?-- Dis reg.

Het hy die tikmasjien aan u oorhandig ?-- Ja.

Kan u sê of dit die tikmasjien nou voor die Hof is ?-- Ek wil net die nommers vergelyk. Dis reg.(Bewys. G. 1001.)

Wat het u toe gedoen ?-- Ek het toe toetse uitgevoer met die tikmasjien, en ek het ook self die masjien ondersoek asook die sleutels, en ek het die monsters wat ek met die masjien getik het, en het dit vergelyk met Bewys. G.1003.

Wat was u bevinding toe ?-- Ek het gevind dat volgens ooreenstemmende kenmerke/^{gevind} wat aanwesig was op brief G.1003, en die monsters wat ek self gemaak het, ek het in die loop van my ondersoek n aantal notas gemaak as ek daarna mag verwys.

Die het u nou voor u ?-- Ja. Ek sal nou die monsters

wat ek gemaak het met die tikmasjien inhandig.

Die eerste, Bewys. G.1043 ?-- Dit is n aantal woorde wat voorkom op Bewys. G.1003. Ek het ook n verdere brief getik waarvan die inhoud ooreenkom met Bewys. G.1003 . (Ingehandig G.1044.) Bewys.G1043 het ek toe afgeneem, ek het n foto geneem (Ingehandig G.1045)(Negatief). Ek het verdere n deurskynende afdruk gemaak van G.1045. (Ingehandig G.1046.) Ek het verder n fotografiese vergroting gemaak plus-minus tweekeer so groot van G.1046. (Ingehandig G.1047.) Ek het ook fotografiese afskrifte gemaak van die woorde 'Cheesa-Cheesa' soos dit verskyn onderaan Bewys. 1041, en Bewys. G. 1003. (Ingehandig G.1048) Dit is almal die negatiewe wat ek nou inhandig; Vanaf G.1048 het ek weer deurskynende afdrukke gemaak, een elk, (Ingehandig G.1049 .) Die volgende een is dan n fotografiese afskrif van die woord 'Cheesa Cheesa Army' soos dit verskyn op Bewys. G.1041 -- dit is die negatief. (Ingehandig G.1050). Vanaf Bewys. G.1050 het ek gemaak hierdie deurskynende afdruk wat ek nou inhandig. (G.1051). Vanaf die negatief van G.1043, is die vergroting G.1047 gedruk. Onderaan, aan die voet van hierdie Bewysstuk G.1047, verskyn twee fotos gemaak vanaf negatiewe 1048 en 1049. Al die woorde soos dit verskyn op Bewys. 1043, verskyn dan op Bewys. G.1047 en kom almal voor op Bewys. G.1003. Ek wens nou hierdie woorde onderling met mekaar te vergelyk. Hierdie woorde vertoon ooreenstemmende kenmerke soos dit getik word deur n masjien wat reeds in gebruik was vir n geruime tyd. Dit is kenmerke wat veroorsaak word deur slytasie, beskadiging, en ander oorsake wat daartoe bydra dat die tikwerk nie meer van oorspronklike kwaliteit is nie. Ek het hierdie tik ondersoek ten opsigte van defekte op die sleutels van die masjien, soos dit verskyn op die monsters wat ek getik het. Die defekte wat ek noem kan gesien word op voordele wat ek getik het op G.1043.

En daardie defekte word veroorsaak deur die sleutels van die tikmasjien ?-- Dit is reg. Hierdie defekte word omskryf deur die volgende:

HOF VERDAAG:

HOF HERVAT:

HENRY ABRAHAM LUBBE, nog onder eed:

VERHOOR DEUR P.A.: (VERV.)

Gaan aan van waar u op gehou het ?-- Verskoon my, Edelagbare. Ek het al op n paar geleenthede in verband met hierdie soort saak getuienis gegee, en ek het in die verlede (onhoorbaar) ek wil net die voorstel maak soos wat dit in die verlede geskied het, het die Bank toegelaat dat ek net die Bewysstukke op n tafel uiteensit en die Bank en die persone wat optree namens die verdediging saam met my die Bewysstukke behandel en my getuienis so aflei dat ek Bewysstuk so met Bewysstuk so vergelyk.....

DEUR DIE HOF: Ek sal dit waardeer as u klaar u getuienis in die gewone loop doen. Die getuienis moet eers in die gewone loop.....

DEUR DIE P.A.: Ek doen aan die hand... die punt is, dit sal makliker gevolg word.

DEUR DIE HOF: Ons kan dit nie op die rekord kry nie as dit so gedoen word nie. I would suggest that the evidence is given in the normal way first and then if necessary you can demonstrate exactly how you arrive at your conclusions by reference to these exhibits on the table. But the evidence would have to be given in the normal way first so that it is properly recorded. You can be helpful by not only referring to the numbers of the exhibits but also the nature of the exhibits when you make your comparisons ?-- Very well.

VERHOOR DEUR P.A. VERV.:

Gaan aan ?-- Ek sal nou aangaan, maar daar is nog een Bewysstukkie wat ek sal moet inhandig wat nog nie ingehandig is nie.

Ja, nou, jy handig in ?-- Ek handig nou in Hofkaart waarop daar woorde verskyn. (Bewys. G.1052) Op Bewys. G.1052 verskyn n aantal woorde; dit is fotografiese vergrotings van woorde wat voorkom op brief Bewys. G.1003. Dit is al.

Nou wil u aangaan om te bewys na die defektes van die sleutels ?-- Ja, dit is reg, wat geregistreer word en wat sigbaar is in die tikskrif. Ek lees nou vanaf die notas wat ek gemaak het. Die klein letter 'w' betoon n klein beskadiging aan die regterkantste opstreek. Hierdie letter 'w' verskyn in woorde 'which'; die tweede lyn van bo-af bladsy 1 G.1003. Die klein letter 'i' is bokant die basiese lyn formasie, in die woorde 'question' and 'smile', ook op Bewys. G.1003. Die hoofletter 'I' hoog en effens na regs in die groepering van die woorde 'totsiens' en 'fires', op Bewys. G.1003. Om n herhaling van hierdie bewysstuk te vergemaklik al hierdie woorde wat ek noem verskyn op Bewys. G.1003. Die klein en hoofletters 'o' vertoon laag in die groepering woorde 'national' en 'volksblad'. Die klein letter 'c' is laag en ook effens regs. Dit is duidelik sigbaar in die woorde 'which' 'quickly' en 'police.' Die klein en die hoofletters 's' in die volgende woorde 'selfish' 'smiles' 'pavilions' 'Swart' 'S.A.R.', vertoon laag, in die groepering van die woorde wat ek gemeld het. Die klein letter 'p' links in die groepering in verhouding met die ander woorde, soos b.v. 'capitalists' and 'champion' -- hulle vertoon links. Die klein letter 'f' staan van sy voete af, en die helling van die 'f' is effens na links van 90°. Die hoofletter 'F' het dieselfde verhouding as kleinletter 'f' ten opsigte van die

basiese lyn en die helling duidelik sigbaar in die woord 'Fires'. Die klein letter 'f' verskyn in die woorde 'selfish' and 'unfair'. Die klein letter 'd' ook laag, effens na links, druk swaarder aan die bokant, sigbaar in die woorde 'dutchman' 'apartheid'. Die hoofletter 'D' laag, en effens na links, ook swaar aan die bokant, soos in die woord 'HATRED'. Ek verwys nou na die kleinletter 'l'. Die kleinletter 'l' druk swaarder aan die bokant; wanneer getik word, vorm dit 'n indentasie op die oppervlakte van die tikpapier. Dit kan duidelik gesien word op die reproduksie van die letter 'l', dat die bokant donkerder is, swaarder ingedruk, as die onderend. Hierdie oneweredige drukking van die letters op die papier is ook sigbaar in die 'f'. Ek wil dit noem daar is natuurlik baie meer kenmerke wat ek wel kan aantoon, maar na my mening is dit voldoende om staat te maak op die voorbeelde wat ek gegee het om daarop te steun as oortuigend dat die tikmasjien waarmee Bewys. G.1003 getik is ook gebruik is om die monster tikwerk wat ek ingehandig het, te tik. Miskien kan ek dit net ook anderste stel, die tikmasjien wat ek gebruik het om die monsters of voorbeelde mee te tik, is ook gebruik om die tikwerk te doen, op Bewys. G.1003. Uit ondervinding gebeur dit nooit dat hierdie verskeidenheid wat voorkom in die tikskrif op Bewys. G. 1003, en wat ooreenkom met die monster tikskrif, nie toevallig ^{verskillende} sal ooreenkom as kombinasies indien deur twee/tikmasjiene gedoen is nie. Op grond daarvan dat die afwykings, die defekte wat ek hier aan die Hof uitgewys het, wat voorkom in die monster tikwerk, in dieselfde mate ooreenkom met die tikwerk op Bewys. G.1003, is ek van mening dat ek die tikmasjien wat ek hier by die Hof ingehandig het, gebruik is om hierdie brief Bewys. G.1003 te tik. Dit was wat aan my versoek was, en dit is wat ek vasgestel het, en soos ek aan die Hof voorlê.

En die tikmasjien wat u nou na verwys het, is Bewys.

G.1001. Is dit reg ?-- Ja, dit is.

Wat is u opinie; is dit n erkende metode ?-- Ja, wat ek gebruik het, en ook die metode wat gebruik word deur alle ander persone wat hierdie soort werk doen.

U is nie n vingerafdruk deskundige nie ?-- Ja, ek is.

Hoe vergelyk die metodes van vasstelling van die feite wat gebruik word deur n vingerafdruk deskundige met die manier wat u hier aan die Hof verduidelik het, met sekerheid vas te stel dat die feite waar is ?-- As ek my mening daarop na moet hou dan sê ek dit is net so onfeilbaar, maar ek wil net ook daarop wys dat hierdie feite is wat ek uitgeneem het uit verskillende bewysstukke nou voor die Hof, ek lê dit net voor die Hof, en wys die Hof op hierdie verskillende punte, en berus daarby.

Nou, ek dink u moet net een feit wat u gemaak het net regmaak. Ek het u gevra toe u die tikmasjien gekry het ook gedurende April 1957, het u dit ondersoek ?-- Ja, ek het.

En u het toe oorgegaan en die bewysstukke begin inhandig wat u self gemaak het, monsters, ens. ?-- Dis reg.

Nou het u daardie Bewysstukke daardie tyd gemaak, of het u dit op n latere datum gemaak ?-- Ek het my ondersoek voltooi, plus-minus aan die einde van Meimaand. Gedurende Juniemaand was ek die meeste van die tyd afwesig getuienis af te lê in verskillende howe. Aan die einde van Junie het ek uit die diens getree. Op Saterdagam, ek dink dit was die 18de of die 19de van hierdie maand, het ek vanaf Pietersburg getrek hier na Johannesburg waar die tikmasjien, dieselfde tikmasjien, en dokument G.1003, aan my oorhandig is.....

Tesame met wat ?-- Tesame met nog n aantal dokumente.

Watse soort dokumente ?-- Dit was hierdie brief en nog n klomp briewe wat lyk soos hierdie ander brief, G.1041. Toe het ek hierdie bewysstukke nou voor die Hof voltooi om my getuienis op te lewer.

Collection: 1956 Treason Trial
Collection number: AD1812

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2011

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.